

18 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 22:22-29

Die toets van die evangelie

Toe Paulus vertel het dat God hom geroep het om na die heidene te gaan (vers 21), het die skare heftig gereageer asof hy godslasterlik gepraat het. Waarom so 'n heftige reaksie? Die Jode was tog ywerige sendelinge. Jode wat buite Palestina gewoon het, het geen moeite ontsien om die heidene tot die geloof in die ware God te bekeer nie. Paulus het egter aan die heidene dieselfde voorregte aangebied as wat die Jode geniet het sonder om te vereis dat hulle hulle aan die Joodse wet onderwerp. Paulus het die gelykheid van Jode en heidene erken en dit gemotiveer op grond van 'n opdrag wat hy van God ontvang het. Daar het 'n ander Middelaar tussen God en die mens gekom: nie die Joodse godsdiens nie, maar Jesus Christus. Die Jode se unieke posisie word so aangetas. Vandag nog bring die vrees dat jy jou identiteit kan verloor mense in verset. Tog moet 'n gelowige hom/haar telkens afvra of sy/haar idees – selfs sy/haar godsdienstige opvattinge – werklik in ooreenstemming is met die Woord van God. Deurstaan dit die toets van die evangelie?

Die skare se woedende reaksie noep Paulus om hom vir beskerming op die Romeinse reg te beroep. Die Jode wat roem om God se wette te onderhou, tree as wetteloses in hierdie saak op. Dit blyk dat die Here ongelowiges se wetgewing kan gebruik om die voortgang van die evangelie te verseker. Wetgewing van mense wat nie in die lewende God glo nie, is nie noodwendig goddeloos nie. Dikwels hou dit besliste voordele vir die uitdra van die evangelie in. Van nou af is Paulus 'n gevangene, maar onder beskerming van die wet. God sorg dat sy dienskneg Rome sal sien. Is dit nie die heerlike van die uitdra van die evangelie nie? Ons gaan die gevalle wêreld in met die evangelie van die koninkryk van God. Dit is die koninkryk van Hom wat besig is om uit alle nasies vir Hom 'n volk bymekaar te maak om in sy heerlikheid in te gaan. Die uitdra van die evangelie bied 'n wye perspektief! Sien jy dit ook raak?

Sing: Psalm 119:42

Prof F Denkema (Potchefstroom)